Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 13
Nommer 2 Augustus 1969



Ook vir ingenieurs (alle soorte) en opsigters. Moet bokerf wees, ten volle gekwalifiseerd. AE&CI se belange is so groot, altyd op die loer na grootkoppe vir grootkoppe se werk. Voordele hoogs onmikroskopies; trouens maklik deur die naakte oog waarneembaar. Aanvalformule baie eenvoudig: skryf net en meld besonderhede van kwalifikasies en ervaring aan: Die Personeelbestuurder, Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede Beperk, Posbus 1122, Johannesburg.

AE&CI

AFRIKAANSE SPRINGSTOWWE EN CHEMIESE NYWERHEDE BEPERK

CAL 4116/A



„Maties, ek was self 'n student. Daarom weet ek wat dit is om platsak te wees. Tog het ek elke maand probeer om 'n ietsie af te knyp en op Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging te belê. Julle ouens sal verbaas wees om te sien hoe dit groei—en wat jy daarmee kan doen as die vakansie aanbreek, of as jy sommer net 'n doedie wil skiet vir die fliek! Belê liewer julle geldjies in 'n Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente. Ander ouens kan dan nie by julle kontant leen nie en boonop verdien dit 4½% rente!

Julle Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging se kantoor is by Pleinstraat 4 en mnr. J. A. Jooste en sy mense is vriendelik en hulpvaardig."

SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUVERENIGING

Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Grant 6080

Frick

Sig-Sag-Naaimasjiene Doen gewone werk, knoopsgate, knope, omkap, borduurwerk, name skryf ens. Ongelooflik maklik en netjies.

Handaangedrewe **R86.25** Min 20% vir kontant

Motoraangedrewe **R102.50** Min 20% vir kontant

Frick Skêr **R2.20** Gemaak van geweerstaal

Duitse Naaisy **50c** Per 1,000 jts. tol

Posbestellings kry onmiddellike aandag

Voortrekkerweg 35 Parow, Kaap, Foon 98-6489

Hoeveel sal dit u kos om môre al u besittings te vervang ?



R1000?
R2000?
R5000?
R10000?

Bereken gerus vanaand wat dit gekos het om al u besittings bymekaar te maak. En diefstal, brand of stormskade kan u môre van alles beroof.

HOE MIN sal dit u kos om **volledige beskerming** te bekom ?
Volledige beskerming is ons besigheid.

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

VZ6B—K535/19A

Kom saam met



Saambou
BOUVERENIGING

U hele gesin wen!

VZ&R — K580/31 A/4

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 13 NO. 2 AUGUSTUS 1969

In hierdie Uitgawe

Proff. J. N. de Villiers en H. B. Thom, 7
Redaksioneel
Dinamiese Groei, 8
Prof. Jan Naudé de Villiers, 9, 10
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 11
Die Aanvullende Gradeplegtigheid, 13
Wanneer Slaag Ek? 15
Gelukwense, 18
Die Afrikaanse Woordeboek, 19
Prof. E. C. Pienaar : 'n Groot Volksman, 20
Die Navorsingseenheid vir Hidroulika op Stellenbosch, 21
Dekane vir 1970, 22
Wiskunde-Seminare tydens die Eeufeesjaar, 23
Akademiese jaar 1970, 23
Bevorderings en Aanstellings, 24
Wynkundige Navorsing aan U.S. – Skenking van R200,000, 25
Sanlam Skenk Waardevolle Opleidingsapparaat, 26
Die Geneeskunde Projek, 28
Die Fakulteit van Tandheelkunde, 30
Nuwe Gebou vir Opvoedkunde, 31
Prof. C. G. W. Schumann na CIRET-Kongres, 32
Hortus Botanicus Kweek Seldsame Blom, 32
Besoekers, 33
Geneeshere kom vir opknappingskursus, 33
Veeartsenykundiges, 34
Oud-Maties, 34
Bevorderings, 34
Stellenbosch verower 50% van B. Assoc-Medaljes
Studentebedrywighede, 36
Die 1968–69 atletiekseisoen, 36
Karnavaltonele, 39
Oud-Maties! U Adresse, 40

VOORBLADFOTO

Gesellige toneel in die voorportaal van die H. B. Thom-teater tydens die inwyding van die Universiteit se Kunsmuseum. Teen die regtermuur hang drie van die beroemde Franse tapisserieë wat by dié geleentheid uitgestal is.
(Foto: Johan Stander.)

DIE AANGEWESENE DIE UITTREDENDE

Die uittredende Rektor, *prof. H. B. Thom* (regs), en die aangewese Rektor, *prof. J. N. de Villiers,* in die kantoor van die Rektor. (3 Junie 1969)

Saam met die dienende Rektor wens MATIELAND prof. De Villiers van harte geluk met sy aanstelling as Rektor. Mag die Universiteit van Stellenbosch in sy dienstyd opnuut vooruitgang maak.

Redaksioneel

Dinamiese Groei

Die Universiteit van Stellenbosch staan in die teken van groei; maar meer, in werklikheid is die Universiteit vir ons 'n simbool van groei. En wat ons in hierdie uitgawe van *Matieland* lees, bevestig dit weer eens.

Die grootste boukontrak in die geskiedenis van die Universiteit is in Mei onderteken, toe met 'n bekende bouersfirma 'n ooreenkoms getref is vir die oprigting van die groot geboue-kompleks vir die Fakulteite van Geneeskunde en Tandheelkunde. Dit was 'n historiese geleentheid, maar dit het ewewel taamlik stil verloop, aangesien die kantoor van die Rektor al vry gewoond daaraan geword het dat omvangryke projekte hulle finale beslag daar kry.

In hierdie uitgawe van *Matieland* kry die leser ook 'n beeld van die nuwe gebou wat vir Opvoedkunde en sekere kleiner departemente bedoel is. Wanneer die huidige geslag na die nuwe gebou kyk, en dan dalk ietwat neerbuigend aan die ou gebou vir Opvoedkunde dink, sal dit egter goed wees om in gedagte te hou watter groot getal opvoeders hulle geestelike vorming in daardie gebou gehad het. Die onderwysers wat vandaar uitgegaan het, was in 'n hoë mate die draers van die Matielandgedagte by duisende jongmense wat op hulle beurt weer Maties sou word.

Ook vir die ingenieurs verrys 'n groot nuwe kompleks, waarvan een-derde reeds vinnig voltooiing nader, terwyl daar vlakby 'n kolos van 'n laboratorium vir hidrouliese navorsing deur die W.N.N.R. opgerig is, waardeur die studieveld van toekomstige ingenieurs nog eens verruim word. Die Universiteit sal in die toekoms nog 'n veel groter bydrae lewer tot die immer groeiende industriële vooruitgang van ons land.

In 1919 het die personeel van U.S. uit 39 dosente bestaan, terwyl die studentetal 558 was. Nou, in 1969, vyftig jaar later, is daar 830 dosente en 7,600 studente. Van die 7,600 studente is ongeveer 4,000 woonagtig in universiteitskoshuise, en ten gevolge van die steeds stygende behoefte, sal 'n verdere vier koshuise binne afsienbare tyd opgerig moet word. Terloops, slegs iemand wat verbeelding met 'n praktiese insig paar, kan 'n denkbeeld vorm van die omvang van die taak om die groot getal kosgangers wat daar nou reeds in die koshuise is, te versorg.

Warme erkentlikheid moet aan diegene betoon word wat die volgehoue groei help moontlik maak het. Onder andere moet met opregte waardering melding gemaak word van die 9,000 donateurs, wat reeds meer as R4,200,000 tot die Universiteit se Eeufeestrustfonds bygedra het, asook van die ruim getal skenkers van beurs- en leningsfondse.

Ons land maak 'n fenomenale groeityd deur, wat hoë en dikwels gespesialiseerde eise aan die Universiteit stel, en om daaraan te voldoen, is steeds nóg meer beurse, lenings en ontwikkelingskapitaal nodig.

Die moderne 6-miljoen volt Van de Graaff-versneller van die Suidelike Universiteite (Stellenbosch en Kaapstad), tans die grootste versneller wat by Suid-Afrikaanse universiteite gehuisves is, word 24 uur per dag oor ses dae van die week vir eksperimentele doeleindes gebruik; en verdere uitbreiding is ook hier dringend nodig.

Verder is nuwe geboue, behalwe dié wat in die proses van oprigting of reeds genoem is, vir Musiek, Huishoudkunde, Chemie, Handel, Anatomie en Fisiologie nodig.

Die eise wat vooruitgang stel, is swaar en groot, maar 'n land kan daaraan voldoen slegs as hy die geeskrag besit om die uitdagings van dinamiese groei met vertroue te aanvaar.

Nuwe President van die Senaat

Sy Edele Jan de Klerk, wat as Minister van Nasionale Opvoeding, noue kontak met die Universiteite van S.A. gehad het, het die verdere onderskeiding te beurt

geval dat hy aangewys is as die opvolger van wyle sen. J. F. Naudé, as President van die Senaat.

Matieland wil hiermee hartlike dank betuig teenoor Sy Edele J. de Klerk vir sy toegewyde diens aan die Onderwys en hom die beste toewens vir sy nuwe taak en die nuwe posisie van eer wat hy beklee.

Sy Edele Johan van der Spuy (M.A. Stel.)

Nog 'n oud-Matie – die tiende – het toegetree tot die huidige kabinet deur die aanstelling van mnr. *Johan van der Spuy,* voorheen ambassadeur van Suid-Afrika in Wenen, Oostenryk, as Minister van Nasionale Opvoeding en Kultuursake in die plek van sen. Jan de Klerk.

Mnr. Van der Spuy het sy spore reeds oopgetrap op die gebiede van onderwys en kultuur. Hy word 'n geseënde tyd van arbeid in hierdie veeleisende portefeulje toegewens.

Prof. Jan Naudé de Villiers

M.B., CH.B., M.O. & G. (KAAPSTAD), F.R.O.G.

Professor dr. J. N. de Villiers, Professor van Ginekologie en Verloskunde in die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit, is op 17 Augustus 1923 op Beaufort-Wes gebore, waar hy ook die eerste paar jaar van sy skoolloopbaan voltooi het.

Later het sy ouers, wyle mnr. en mev. Tobie de Villiers, verhuis na die familieplaas Vreesniet in die Hexriviervallei. Hy het sy skoolloopbaan op Worcester deurloop, waar hy in 1939 gematrikuleer het. In 1940 het hy aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf as Admissiestudent om hom in die Teologie te bekwaam, maar sy belangstelling het oorgeslaan na die liggaamlike welsyn van die mens, en hy het besluit om geneesheer te word.

In 1946 het hy die grade M.B., Ch.B. aan die Universiteit van Kaapstad met onderskeiding in sy finale jaar behaal, waarna hy 'n termyn van een jaar as huisdokter in die Groote Schuur-Hospitaal gedien het. In 1948 het hy as algemene praktisyn op Calvinia begin. Hy is egter in 1952 weer na die Universiteit van Kaapstad vir die voltooiing van sy M.O. en G. In die tyd toe hy op Calvinia was, was hy – soos welbekend is – verantwoordelik vir die verloskundige diens in verband met die Lombard-vierling.

DIE AKADEMIKUS

In 1956 is hy aangestel as die eerste professor van Ginekologie en Verloskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. As vakman het hy hom onderskei en uit verskeie oorde welverdiende erkenning gekry.

Hy is lid van die Bestuur van die Internasionale Federasie van Verloskundiges en Ginekoloë, en Voorsitter van die F.I.O.G.O. se Komitee van Kwalifikasies – die liggaam wat die standaarde van internasionale opleiding vasstel. Hy is ook lid van die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, en Ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging. Prof. De Villiers dien ook as lid van die Bestuur van die Nasionale Raad vir Moeder- en Gesinswelvaart, en is 'n volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

In 1955 het hy in Engeland gestudeer met 'n Nuffield-beurs, en in 1964 die V.S.A. met behulp van 'n Carnegie-beurs besoek. Gedurende die afgelope paar jaar het hy lesings by verskeie internasionale geneeskundige konferensies gegee. In Januarie 1969 is hy as

eksaminator en as lid van die Royal College of Gynaecologists te Londen aangestel.

Op 2 Junie 1969 is prof. De Villiers deur die Raad van die Universiteit van Stellenbosch aangewys as die persoon wat prof. H. B. Thom, die huidige Rektor, in sy amp sal opvolg, wanneer prof. Thom op 31 Desember 1969 met pensioen uit die diens van die Universiteit sal tree.

Prof. J. N. de Villiers en sy Gesin

Prof. De Villiers is in 1948 met mej. Geraldine de Villiers, 'n dogter van wyle mnr. G. F. S. de Villiers van Sanlam en Santam, getroud. Mev. De Villiers, self 'n geneesheer, assisteer by geleentheid haar man by operasies. Sy is ook 'n paneellid van die Publikasieraad. As ontspanningsvorme hou sy van waterski en tennis wat goed aansluit by die sportsoorte van haar man, wat in sy studentedae 'n Suid-Afrikaanse junior dubbelspel-tenniskampioen was en self lief is vir waterski.

Tobie, hulle seun, is die W.P. se mans-waterskikampioen, en Jeanne, hulle dogter, het die onder veertien jaar ski-titel op die S.A. spele verower.

Mag die gesin De Villiers op Stellenbosch baie gelukkig wees.

Die Gesin De Villiers.
Voor l.n.r.: Tobie, prof. J. N. de Villiers, Ilse, dr. Geraldine de Villiers en Jeanne.
Agter: Gerhard en Marié.

Ons Eer Hul Nagedagtenis

SEN. J. F. (TOM) NAUDÉ

Sen. Tom Naudé, gewese President van die Senaat, het op 31 Mei 1969 die tydelike met die ewige verwissel.

Hy het 'n lang, geseënde en eerbare politieke loopbaan gehad waarin hy bykans alle moontlike poste in die parlement beklee het oor 'n periode van 41 jaar. Hy was ook tien maande lank Waarnemende Staatspresident.

Die Universiteit van Stellenbosch bring dankbare hulde aan hierdie heengegane staatsman wat hom in sy lewe as 'n gewaardeerde vriend van die Universiteit betoon het en betuig diepe meegevoel met sy agterblywende eggenote, kinders en kleinkinders.

WED. R. W. WILCOCKS

Mev. Beatrice Wilcocks, gebore Zerffi, weduwee van wyle prof. R. W. Wilcocks, voormalige Rektor van die Universiteit van Stellenbosch is op 20 Junie vanjaar skielik oorlede.

Sedert prof. Wilcocks se dood het sy alleen gewoon. Die egpaar het geen kinders gehad nie en mev. Wilcocks het ook nie familielede in Suid-Afrika nie. Mev. Wilcocks het 'n sterk persoonlikheid gehad en was 'n knap musikus.

PROF. (DR.) DANIËL FRANCOIS MALHERBE (28.5.1881 – 12.4.1969)

Prof. D. F. Malherbe, gevierde Afrikaanse skrywer, digter, besielende redenaar en hoogleraar in Afrikaans is op 12 April te Bloemfontein in die ouderdom van 87 jaar oorlede.

Meer as 'n kwartmiljoen van sy werke is gedruk. Drie van hulle, t.w. *Die Meulenaar, Hans die Skipper* en *Die Profeet* is met die Hertzog-prys bekroon.

(Sien ook *Matieland* van Desember 1968 bl. 34 en 35.)

DS. W. F. V. W. DE VOS

Ds. W. F. de Vos is op 25 Mei 1969 in die ouderdom van 85 jaar op Tulbagh oorlede. Hy was 'n seun van wyle prof. P. J. G. de Vos, eertydse professor aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch. Hy was o.a. Assessor van die Kaapse Sinode en lid van die Kuratorium van die Kweekskool.

Mev. De Vos is nog in lewe en ons innige meegevoel word met haar betuig.

MEJ. ELIZABETH VAN BRAKEL

Op 23 Maart 1969 is die bekende en minsame „Miss Bessie" in die Stellenbosse hospitaal oorlede. Sy het op die familieplaas naby Stellenbosch opgegroei, in Bloemhof skoolgegaan en aan die Stellenbosse Konservatorium onder prof. Jannasch haar bekwaam in klavier-, viool- en teoretiese opleiding.

Van 1926 tot 1960 was sy aan die Konservatorium dosent in klavieronderrig en musiekteorie, maar haar studente sal haar veral onthou vir gehooropleiding.

Prof. D. F. Malherbe



Mej. Bessie van Brakel

DR. A. H. DE SWARDT

Dr. A. H. de Swardt (M.A. Stell. 1941) is op 14 Febr. 1969 oorlede. Dr. De Swardt was 'n Inspekteur van Onderwys in die O.V.S. tot sy aftrede in 1961. Tot die einde van sy lewe was hy in belangstelling en in daad 'n ware oud-Matie. Sy eggenote, mev. M. C. de Swardt, bly nog woon op Annamaretha, Brandfort.

MNR. HUBERT DE VILLIERS COETZEE (B.A., L L.B.)

Mnr. Hubert Coetzee is in 1913 naby Kimberley gebore en het sy universiteitsloopbaan op Stellenbosch afgelê. In sy studentejare was hy reeds 'n leidende figuur. O.a. was hy Voorsitter van die Studenteraad, Primarius van Wilgenhof en kaptein van die eerste krieketspan. As mens was hy saggeaard, maar beslis in sy optrede; hy het 'n droë humorsin met ingebore regskapenheid gepaar.

Ten tye van sy dood op 15 Maart 1969 was hy besturende direkteur van die Nasionale Pers. Dit is juis op die gebied van die Afrikaanse koerante, tydskrifte en die drukkuns self dat hy diepe spore nagelaat het.

Hy laat sy eggenote, die skryfster Alba Bouwer, en sy seun Leon wat op Stellenbosch studeer, en dogter Annalette agter. Sy bejaarde moeder woon nog op Boshof.

MNR. GOLLY ALBERTYN

Mnr. Golly Albertyn (B.A. Stell. 1936), hoofvakkundige beampte in die afdeling Welsyn van die Departement van Kleurlingsake in Kaapstad, is op 9 Mei 1969 in die ouderdom van 53 jaar in sy slaap oorlede.

Hy het 'n blye lewensuitkyk gehad en het dikwels luimige artikels in die Afrikaanse blaaie laat verskyn. Hy was die seun van wyle dr. J. R. Albertyn, in lewe Armesorg-sekretaris van die N.G. Kerk in Transvaal. Mnr. Albertyn was voor sy laaste betrekking hoof van die Kaapstadse Streekkantoor van die Dept. van Volkswelsyn.

Innige meegevoel word betuig met sy eggenote, twee dogters en een seun wat hom oorleef.

Mnr. Josias J. Reinecke, wat van 1943 tot 1946 aan U.S. gestudeer het vir die graad B.Ed. Ph., het op 1 Julie 1968 in die distrik Maltahöhe tydens 'n jagtog aan 'n hartaanval beswyk. Hy was ten tye van sy dood hoof van die Hoër Tegniese Skool te Wolmaransstad. Sy belangstelling was veral in die rehabilitasie van die blanke verstandelik vertraagde seuns aan Nywerheidskole.

Hy word oorleef deur sy eggenote en drie kinders.

Mnr. J. J. Reinecke

Die Aanvullende Gradeplegtigheid

Die aanvullende gradeplegtigheid van die Universiteit het op Vrydag, 7 Maart 1969 om 3.30 nm. in die Stellenbosse Stadsaal plaasgevind.

Onder die graduandi was die eerste groep van dertien studente wat die graad Hons.-B. (B. en A.) deur middel van voltydse studie behaal het.

Aan die volgende nege kandidate is doktorsgrade toegeken :

DR. P. M. BARNARD, M.D.

Dr. Pieter Melius Barnard van Bellville het die graad M.D. in die snykunde verwerf met die proefskrif „A Mitral Valve Prosthesis Development, experimental and clinical application". Die promotor was prof. J. J. W. van Zyl, hoogleraar in Snykunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die proefskrif handel oor die konstruksie van 'n mitraalkunsklep en die toetsing daarvan in polsnabootsers en eksperimentele diere. Nadat die doeltreffendheid van die kunsklep eksperimenteel bewys is, veral in die bobbejaan, is dit met welslae gebruik in opehart operasies in die mens gedurende die afgelope 18 maande.

In 1963 het dr. Barnard die Amerikaanse Spesialiseksamens in Algemene Snykunde en in 1965 die Spesialiseksamens in Borskas-Chirurgie met welslae afgelê.

In 1966 is dr. Barnard aangestel as Eerste Torakschirurg en hoof van Borskaschirurgie aan die Karl Bremer-hospitaal en die Universiteit van Stellenbosch, 'n posisie wat hy tans nog beklee.

Die doktore wat by hierdie plegtighede doktorsgrade ontvang het, verskyn hier saam met die Kanselier en die Rektor.
Voor, v.l.n.r.: Dr. E. J. Marais (D.Th.), prof. dr. H. L. Krige (D.Phil.), Sy Edele dr. B. J. Vorster (kanselier), prof. dr. H. B. Thom (rektor), drr. M. M. Skinner (D.Sc.) en J. J. Burger (D.Comm.). Agter: Drr. P. L. Swart (Ph.D.(Landbou)), P. M. Barnard (M.D.), J. H. Swanepoel (D.Sc.), H. C. Viljoen (Ph.D.(Ing.)) en A. P. G. Schönau (D.Sc. in Bosbou).

DR. J. J. BURGER, D. COMM.

Mnr. J. J. Burger, hoof-padvervoeringenieur van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, het die graad D.Comm. in Vervoerekonomie verwerf op 'n proefskrif getitel: „An Analysis of the Factors determining Road Transport Operating Costs".

Die promotor vir die proefskrif is prof. C. Verburgh, vroeër hoogleraar in Vervoerekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch en tans verbonde aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

PROF. H. L. KRIGE, D. PHIL.

Prof. Krige, professor in Algemene en Opvoedkundige Sielkunde en Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit het die graad D.Phil. verwerf met 'n verhandeling getitel: „Die emosionele basis van die Leerproses". Die promotor vir die proefskrif was prof. A. B. van der Merwe, hoogleraar in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Krige se doktorale verhandeling gaan oor die rol van emosionele spanning by die leerproses.

DR. E. J. MARAIS, D. TH.

Ds. E. J. Marais, Spoorwegleeraar vir Kaapland, het die graad D.Th. verwerf op die proefskrif „Pastorale sorg aan die mens in die bedryf".

Ds. Marais se proefskrif is 'n bedryfpsigologiese en -sosiologiese verkenning van die huidige gerasionaliseerde arbeidsprosesse in bedryfsverband. Die heersende industriële doelstellings en personeelbeleid is krities verken om vas te stel watter mensbeeld daar leef in die bedryf. Die promotor is prof. J. C. G. Kotzé, hoogleraar in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Vanaf 1952 tot 1958 was hy predikant in Prins Albert en Leeu-Gamka onderskeidelik. Sedert 1958 is hy Spoorwegleeraar met Kaapland as werksterrein.

DR. A. P. G. SCHÖNAU, D. SC. IN BOSBOU

Mnr. A. P. G. Schönau, navorsingsbeampte by die Wattelnavorsingsinstituut in Pietermaritzburg, het die graad D.Sc. in Bosbou verwerf op 'n proefskrif getitel: „A site evaluation study in black Wattle (Acacia Mearnsii de Wild)".

Mnr. Schönau het 'n intensiewe studie onderneem om die groeiplekfaktore in Suid-Afrikaanse Wattelplantasies te bepaal en het deur middel van statistiese metodes, die invloed van klimaats- en grondfaktore, op groei en opbrengs ontleed. Die promotor vir die proefskrif is dr. A. van Laar, senior lektor in Bosbou aan die Universiteit van Stellenbosch.

DR. M. C. SKINNER (GEBORE SÜLTER), D. SC.

Mev. Miriann Skinner (gebore Sülter) het die graad D.Sc. in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf op die proefskrif „The ontogeny and adult morphology of the skull of the South African skink, Mabuya capensis (Gray)", 'n tipiese akkedis.

Mev. Skinner se proefskrif lewer 'n besondere nuttige bydrae tot die vergelykende anatomie. Deur haar studie van ongewoon vroeë stadia van ontwikkeling het sy daarin geslaag om nuwe lig op 'n hele paar skedelprobleme te werp. Die promotor is dr. Elsabe Malan, senior lektrise in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Vyf van die eerste twaalf studente wat die graad Hons.-B. (B en A) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het. V.l.n.r.: Mnre. V. W. Smit (cum laude), O. W. van der Westhuizen, J. Wessels, prof. J. van der Meulen, mnre. P. Müller en T. Grace.



Mev. Skinner is getroud met dr. J. Skinner. Hulle het drie seuns.

DR. J. H. SWANEPOEL, D.SC

Johannes Hendrik Swanepoel het die graad D.Sc. in Soölogie verwerf op die proefskrif „The ontogenesis of the chondrocranium and of the nasal sac of the microhylid frog *Breviceps Adspersus phentheri Werner*". Die proefskrif handel oor die ontstaan van die geluidleidende apparaat van amfibieë. Die promotor vir die proefskrif is prof. C. A. du Toit, hoogleraar in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Gedurende die tydperke 1964–1965 en 1967-'68 was hy junior lektor in dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

DR. P. L. SWART, PH.D. (LANDBOU)

Philippus Lodewikus Swart het die graad Ph.D. (Landbou) verwerf op die proefskrif „The cranial morphology of the fruit-piercing moth, *Serrodes partita* (Fabr.), with special reference to the feeding mechanism". Hiervoor maak hy 'n intensiewe studie van die anatomie, die histologie en die spiervoorsiening van die kopkapsel-aanhangsels, asook van die ingewikkelde funksionering van die monddele en die suigpomp van genoemde vrugtestekende mot. Die promotor is dr. J. G. Theron, senior lektor in Insektekunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

In 1964 is hy aangestel as navorser in insektekunde aan die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Voedseltegnologie, Stellenbosch.

R. H. C. VILJOEN, PH.D. (ING.)

Hendrik Christo Viljoen het die graad Ph.D. (Ing.) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf op 'n proefskrif „Die toepassing van die Parametriese Versterker in die laagfrekwensie gebied". Sy ondersoek is spesifiek gerig op die gebruik van trugespanne halfgeleier diodes wat deur 'n hoogfrekwensie dragolfsein gepomp word om 'n tydveranderlike kapasitor te lewer. Die promotor vir die proefskrif is prof. C. L. Olën, hoogleraar in die Elektrotegniese Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch.

In 1964 verwerf hy die graad M.Ing. (Elektrotegnies) aan die Universiteit van Stellenbosch, en sedert 1966 is hy aangestel as senior lektor in die Departement Elektrotegniese Ingenieurswese aan dieselfde Universiteit.

Wanneer Slaag Ek?

(deur prof. J. P. J. van Rensburg)

DIE BELANGRIKSTE EKSAMEN- EN PROMOSIEPEBALINGS MET BETREKKING TOT DIE VERKRYGING VAN 'N EERSTE GRAAD AAN DIE UNIVERSITEIT

A. *Beperkings op die keuse van vakke*

As iemand vir 'n eerste graad aan die Universiteit kom studeer, is daar veral drie faktore wat hom beperk t.o.v. die individuele vakke wat hy mag kies :

(1) Die breë studierigting wat gekies word. As hy bv. die B.A.-rigting kies, mag hy, op enkele uitsonderings na, nie vakke uit die B.Sc.-rigting kies nie. Dieselfde geld van al die ander rigtings, soos Landbou, Bosbou, Handel, ens. ens. Hierdie beperkings is nie om akademiese redes ingestel nie, maar uit praktiese oorwegings (sien A (3) hieronder), en hoef dus nie absoluut bindend te wees nie.

(2) *Voorvereistes* en *vereistes* vir 'n vak. Hierdie beperkings berus op akademiese oorwegings en sal normaalweg dus selde opgehef kan word. Om enige vak reg te kan bestudeer, moet 'n student 'n sekere mate van *voor*kennis van 'n ander vak of vakke hê – vandaar *voor*vereistes. So ook word die bestudering van een vak soms *bevorder* deur die bestudering van 'n ander vak of vakke – vandaar vereistes. Bv. dat Wiskunde 'n voorvereiste vir sekere Natuurwetenskaplike vakke moet wees, en Bantoetale 'n vereiste vir die Sendingwetenskap, sal deur niemand ontken kan word nie.

(3) *Die Rooster.* As die keuse van individuele vakke en kombinasies van vakke onbeperk was, sou dit natuurlik nie moontlik wees om 'n rooster op te stel nie. Daarom, en net daarom, *sluit* sekere vakke mekaar *uit.* So, bv., is Grieks III en Sielkunde III *uitsluitingsvakke,* slegs omdat die Rooster onmoontlik opgestel sou kon word, as die voorwaarde nie gestel word nie. Hierdie uitsluitings geld in sommige gevalle van die

eerste jaar af en dan natuurlik ook in die daarop volgende jare, in ander gevalle eers van die tweede jaar af, en so verder. Omdat hierdie uitsluitings nie om akademiese redes ingestel is nie, kan Departemente, as hulle dit moontlik vind, onderneem om die tye van hulle lesings op hulle eie so te reël dat uitsluitingsvakke tog wel saam geneem kan word; maar daartoe moet die nodige verlof gevra word.

(Volledige besonderhede oor studierigtings, vereistes en voorvereistes, en uitsluitings word in die Jaarboek vermeld.)

B. *Verskille tussen individuele vakke in 'n kursusverband*

Soos by alle onderwysinrigtings, word enige vak ook aan hierdie Universiteit *finaal afgehandel* eers wanneer daar in die vak *eksamen geskryf en geslaag is.* Hier word daar egter nie aan die einde van elke jaar in al die vakke eksamens vereis nie. Op grond hiervan kan alle vakke hier in die volgende drie klasse verdeel word :

(1) Vakke waarin daar *geen eksamen* aan die einde van 'n bepaalde jaar *geskryf* word nie, maar wat tog finaal afgehandel word, net op grond van die student se punte vir die werk wat hy gedurende die jaar gedoen het. Om by die stelsel in te pas, word die jaar se punte in sulke gevalle ook as eksamenpunte beskou, en beteken dit eintlik dat die jaarpunte verdubbel word, om 'n totaal en 'n uitslag te kry wat gelykvormig is aan dié van die ander vakke, wat verreweg belangriker en groter in getal is.

(2) Vakke waarin daar aan die einde van die bepaalde jaar ook *nie eksamen geskryf word nie,* maar wat dan nog nie finaal afgehandel word nie, omdat die student met die bestudering van die vak of vakke wil of moet *voortgaan* in die daarop volgende jaar. Dit heet *promosie in die vak of vakke* en sulke vakke word *voort*settingsvakke genoem.

(3) Vakke waarin daar wel aan die einde van die bepaalde jaar *eksamen geskryf moet word.* Hulle kan *afskryfvakke* genoem word, en word tans nog in twee soorte verdeel :

(a) ***Byvakke,*** d.w.s. vakke wat nie tot in die laaste (finale) jaar van die kursus voortgesit en dan eers afgehandel word nie, of wat om ander redes spesiaal as byvakke bestempel word.

(b) *Hoofvakke,* d.w.s. dié vakke wat tot in die laaste (finale) jaar van die kursus voortgesit en dan eers afgehandel word, of wat om ander redes so genoem word.

C. *Klassyfers en Eksamensyfers, afsonderlik*

Die punte wat 'n student behaal, word in terme van 'n reeks *Syfers* uitgedruk : *een Syfer* vir al die werk gedurende 'n bepaalde jaar of bepaalde voorafgaande jare gedoen, en 'n *ander Syfer* vir die eksamen wat aan die einde van die bepaalde jaar in die vak geskryf word.

Eersgenoemde heet die *Klassyfer* en laasgenoemde die *Eksamensyfer.*

'n Reeks Syfers strek van 0 *tot* 100. Die benaming, Syfer, in plaas van Persentasie, word verkies omdat die Syfer nie 'n rekenkundige gemiddelde is nie maar 'n simbool, 'n poging om 'n student se hele prestasie meer as net meganies voor te stel, om allerlei faktore, soos bv. vordering of agteruitgang in 'n vak, ook in ag te kan neem en in die finale Syfer te beliggaam.

(i) *Die Klassyfer*

L.W. Slegs *een* Klassyfer per vak per jaargang word vasgestel, deur al die dosente in die vak gesamentlik, oor al die werk gedurende die jaar of voorafgaande jare gedoen.

Belangrike Klassyfers met besondere betekenisse

(1) 'n Klassyfer van 40 *of hoër* verleen aan 'n student die reg om die eksamen in die vak te gaan skryf. M.a.w. : as aan 'n student 'n klassyfer van minder as 40 toegeken word, word daarmee gesê dat sy prestasie oor die afgelope jaar so onbevredigend is – in terme van 0 tot 39 – dat dit verbeter moet word, voordat hy die geleentheid kan kry om die vak in die eksamen te probeer afhandel en 'n sertifikaat daarvoor te kry.

(2) 'n Klassyfer van 50 *of hoër* verleen aan 'n student die reg om sy studie in die vak in die volgende jaar voort te sit (sien B (2) hierbo). As 'n student egter 'n klassyfer van 40 *tot* 49 behaal, mag hy, kragtens C (i) (1) hierbo, wel kom eksamen skryf, en as hy dan slaag in die vak (sien D (1) hieronder), mag hy ook die studie in die vak in die volgende jaar voortsit.

'n Klassyfer van 60 *of hoër* verleen aan 'n student die reg op *nog 'n kans,* as hy met sy eerste eksamenpoging nie in die vak geslaag het nie. Hierdie „kans" kan die vorm van 'n mondelinge eksamen aanneem, of watter ander vorm van tweede toetsing 'n dosent ook al mag verkies.

(4) Enige klassyfer word *outomaties,* ten voordele van 'n student, deur die eksamensyfer vervang as laasgenoemde hoër is. As 'n student egter *twee keer* met dieselfde klassyfer 'n *laer* eksamensyfer behaal, *kan* ook hierdie laer eksamensyfer daardie klassyfer ver-

vang – as die betrokke Departement so aanbeveel. So nie, bly 'n eenmaal toegekende klassyfer vir altyd staan!

(ii) *Die Eksamensyfer*

L.W. Ook net *een* Eksamensyfer per vak per jaargang word vasgestel, net soos in die geval van die klassyfer.

Belangrike Eksamensyfers met besondere betekenisse

(1) 'n Eksamensyfer van *ten minste* 30 verleen aan 'n student die reg op 'n *hereksamen* in die vak (sien ook F hieronder) – mits die klassyfer 40 of hoër was, natuurlik! Sien C (i) (1) hierbo!

(2) 'n Eksamensyfer van *ten minste* 40 word vereis om in 'n vak te kan slaag. (Maar sien ook D (1) hieronder!)

(3) Sien ook (i) (4) hierbo!

D. *Klassyfer en Eksamensyfer, gesamentlik*

Vir die finale afhandeling van 'n vak, d.w.s. om in 'n vak te *slaag,* (sien B hierbo), word die Klassyfer en Eksamensyfer bymekaar getel. Dit geld natuurlik net vir wat hierbo afskryfvakke genoem is (B (3)).

(1) Hierdie *totale* is tans nog anders vir byvakke as vir hoofvakke (sien B (3) (a) en (b) hierbo):

Vir 'n *byvak* word 'n totaal van *ten minste* 90 vereis.

Vir 'n *hoofvak* word 'n totaal van *ten minste* 100 vereis.

(Die klassyfer en eksamensyfer moet afsonderlik natuurlik nie minder as 40 wees nie: sien C (i) (1) en C (ii) (2) hierbo!)

(2) Om in enige vak *met onderskeiding* te slaag word 'n totaal van *ten minste* 160 vereis.

E. *Van November 1968* af is alle bepalings in verband met promosie van een jaarkursus na die volgende jaarkursus, bv. van B.A. I na B.A. II, of B.Sc. II na B.Sc. III, afgeskaf. Elke vak, in watter kursusverband ook al, word van nou af *individueel en heeltemal los van ander vakke voortgesit of afgeskryf,* maar nog steeds *onderhewig aan die beperkings wat hierbo in A (1) tot (3)* uiteengesit is. Nadat 'n student so die vereiste individuele vakke vir 'n graad afgehandel het, sal die graad aan hom toegeken word. Bv. vir B.A. moet 'n student nou net twee eerstejaarsvakke + een tweedejaarsvak + twee derdejaarsvakke (hoofvakke) afhandel. Beperkings sal egter ingestel word op die duur van 'n student se verblyf aan die Universiteit, soortgelyk aan dié wat daar in die verlede was t.o.v. die herhaling van jaarkursusse. Om op te som: *al promosie* wat van November 1968 af vereis word, is *promosie in individuele vakke.*

F. *Hereksamen in Februarie* word slegs toegestaan as 'n student tot die voorafgaande November-eksamen toegelaat was (d.w.s. 'n klassyfer van *ten minste* 40 in die vak gehad het), eksamen geskryf het en 'n eksamensyfer van *ten minste* 30 in die vak behaal het.

G. *Om 'n graad cum laude te verwerf* moet 'n student 75 persent van die maksimum groot totaal van die geweegde gemiddelde van al die vakke wat vir die graad vereis word, behaal. Vir die doel van hierdie berekening is gewigte aan vakke toegeken. Bv. tans nog vir B.A.: 12 vir eerstejaarsvakke, 20 vir tweedejaarsvakke, 30 vir derdejaarsvakke (hoofvakke). Dit heet die *jaargewigte.* Daarby kom nog die *kursusgewigte:* 12 vir elkeen van die twee eerstejaarsvakke, 12 + 20 = 32 vir die een tweedejaarsvak, en 12 + 20 + 30 = 62 vir elkeen van die twee derdejaarsvakke (hoofvakke). Hierdie kursusgewigte word vermenigvuldig met die totaal van die syfers wat die student in elkeen van die drie jare behaal. Die maksimum vir die B.A.-graad is dus: 200 × 12 × 2 = 4,800 vir die twee eerstejaarsvakke, 200 × 32 × 1 = 6,400 vir die een tweedejaarsvak, en 200 × 62 × 2 = 24,800 vir die twee derdejaarsvakke (hoofvakke). Dit gee die maksimum groottotaal van 4,800 + 6,400 + 24,800 = 36,000. En die student moet *ten minste 75 persent daarvan* (= 27,000) behaal om die B.A.-graad *cum laude* te verwerf.

H. *Die bepalings* vir die M.B.Ch.B.-graad wyk in heelwat opsigte af van die algemene bepalings hierbo genoem en moet liefs uit die Jaarboek self vasgestel word.

Gelukwense

EREPENNINGS DEUR DIE S.A. AKADEMIE TOEGEKEN

Prof. H. B. Thom (Rektor)
'n Besondere erepenning vir die bevordering van die Universiteitswese. (Foto regs)

Prof. D. J. Opperman (Afrikaanse Letterkunde)
Die Hertzog-prys vir Drama (1969) vir sy versdrama *Voëlvry*. (Foto links onder)

Prof. A. Nel (Aardrykskunde)
Die Stals-prys vir onderskeidende werk in Aardrykskunde. (Foto regs onder)



Die Afrikaanse Woordeboek

Op 10 Maart 1969 is Deel V (J–KJOU) aan die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, en aan Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding, Sen. J. de Klerk, in die Raadkamer van die Universiteit van Stellenbosch aangebied.

Die Afrikaanse Woordeboek of *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) is 'n omvangryke verklarende woordeboek van Afrikaans. Dit word as Staatspublikasie onder 'n Raad van Beheer (waarin die Staat, die Universiteit van Stellenbosch en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns verteenwoordig is) opgestel aan die Universiteit van Stellenbosch, wat die onderneming kosteloos huisves, finansieel steun, en deur sy Rektor administreer. Die redaksie bestaan tans uit tien lede.

Die verbintenis van die Woordeboek met die Universiteit van Stellenbosch dateer vanaf die begin van 1926, toe 'n ooreenkoms gesluit is tussen die Staat, die Universiteit, prof. J. J. Smith, hoogleraar in Afrikaans aan dié Universiteit, en die Nasionale Pers vir die opstel van 'n „volledige en gesaghebbende" woordeboek. In 1930 het die Universiteit die verantwoordelikheid van die Nasionale Pers oorgeneem.

Prof. Smith het in 1945 afgetree en is in 1947 opgevolg deur dr. P. C. Schoonees, wat tot 1962 hoofredakteur was. Die huidige hoofredakteur is dr. F. J. Snijman.

Die basiese materiaal van die Woordeboek is sy woordversameling van byna 2,000,000 kaartjies wat nog steeds vermeerder met ongeveer 11,000 kaartjies per maand. Hierdie kosbare versameling bevat optekeninge van gewone woorde uit die skryf- en spreektaal, tegniese terme, streekwoorde en uitdrukkings oor die hele taalgebied.

Deel V, met sy 776 bladsye, word in omvang net deur Deel II (794 bladsye) oortref. Ongeveer 27,000 trefwoorde word daarin behandel.

Weens die breë veld wat dit dek, speel *Die Afrikaanse Woordeboek* reeds 'n rol van toenemende belang as naslaanwerk. Dit is 'n vraagbaak wat die gebruiker selde in die steek laat.

Dr. J. J. P. Op't Hof, Sy Ed. J. de Klerk, dr. J. J. Fouché, prof. H. B. Thom.



Prof. E. C. Pienaar: 'n Groot Volksman

Op 13 Maart 1969 het prof. F. E. J. Malherbe op 'n vergadering van die Afrikaanse Skrywerskring te Stellenbosch hulde gebring aan sy gewese en gewaardeerde kollega, prof. E. C. Pienaar.

Prof. Malherbe het o.a. gesê elke mens is 'n kind van sy tyd en het 'n taak vir sy tyd. So kan hy die fondament lê waarop ander kan voortbou en met dié arbeid is sy lewe wel besteed; oorleef mens en werk sy tyd, dan is dit as toegif te sien. So moet ons ook hierdie arbeider en sy taak binne die situasie en eise van sy tyd beskou.

Die situasie hier was 'n verslane volk wat geestelik moes opgehef word tot ontdekking van sy inherente krag en die uitbou daarvan tot selfstandigheid deur middel van die moedertaal.

Eduard Christiaan Pienaar is op 13 Desember 1882 op Hoëkraal, distrik Potchefstroom, gebore en oorlede op Stellenbosch op 11 Junie 1949. Hy was die jongste van sewe seuns en sewe dogters. Op dertienjarige leeftyd het hy sy ouers kort na mekaar verloor en was sy lewe uit verband geruk. As sewentienjarige seun het hy by genl. Piet Cronjé se kommando aangesluit en het hy op Amajuba-dag, 1900, by Paardeberg in die hande van die vyand geval en is hy na St. Helena verban.

Dis Al

Die periode in die kamp het gelei tot geestelike en godsdienstige besinning en het die vlam van patriotisme steeds hoër gebrand. Drie maande na beëindiging van die oorlog kom hy weer aan by sy ou tuiste. Sy kinderparadys was 'n woesteny. In „Dis Al" sou Jan Celliers sy tuiskoms in latere jare hom weer op ontroerende wyse voor die gees roep.

Deur bemiddeling van ds. A. F. Louw, die bekende kampprediker op St. Helena, kom hy in Oktober 1902 na die Paarlse Gimnasium waar hy in 1904 gematrikuleer het. In 1907 het hy aan die Victoria Kollege die B.A.-graad behaal. Van 1914 tot 1919 het hy te Amsterdam en Utrecht gestudeer en in die Lettere gepromoveer. In 1920 is hy benoem tot professor in Nederlands-Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n betrekking wat hy tot aan sy dood beklee het.

Toe die Dertigers op die toneel verskyn, was sy taak reeds afgedaan – DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS WAS BEREIK en grootmoedig beskeie het hy gesê dat hy tot 'n verbygegane tyd behoort.

Prof. Malherbe het gesluit met die gedagte dat waardigheid en openhartigheid hoofkenmerke van dié man was. Dit het hy gebring in sy veelsydige arbeid. Arbeid op die akker van sy volk, wat hy geglo het die akker van sy Heer te wees . . . So was hy onmisbaar in die tyd waarin hy gelewe het. Sy lewensroeping het hy getrou volbring. Ons eer sy nagedagtenis.

Huldebetuigers aan Prof. E. C. Pienaar. L.n.r.: Prof. F. C. Fensham (Voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring op Stellenbosch), prof. F. E. J. Malherbe (oud-kollega van wyle prof. Pienaar), mev. E. C. Pienaar (weduwee), prof. H. B. Thom (Rektor van U.S.).
(Foto met dank aan *Eikestadnuus.*)

Die Navorsingseenheid vir Hidroulika op Stellenbosch

Op 11 Junie 1969 het dr. S. Meiring Naudé, President van die W.N.N.R., die gaste verwelkom by die opening van die navorsingseenheid vir Hidroulika wat van Pretoria na Stellenbosch verskuif is.

Die nuwe gebou, met sy laboratoria, kantore en werkswinkels, het R900,000 gekos om op te rig. As oud-Matie voel dr. Naudé bly dat hy kon help om deur middel van die W.N.N.R. so 'n bydrae tot Stellenbosch te lewer. Die Universiteit het die terrein van byna vyf morge grond geskenk en die opleiding van ingenieurstudente sal nou nog 'n sprong vorentoe kan gee, want die nuwe ingenieursgeboue van U.S. is slegs ongeveer 200 tree daarvandaan. Opleiding van studente en van toekomstige personeel sal dus baie gerieflikker wees.

Hierdie laboratorium sal die vernaamste hidrouliese laboratorium in die land wees. Nadat Sy Edele Carel de Wet die motore aangeskakel het, kon die gaste sien hoe die groot branders van die Indiese Oseaan aanrol op die kus van Richardsbaai wat in die laboratorium vir die S.A. Spoorweë en Hawens as hawe beplan word.

Sy Edele Dr. Carel de Wet

Dr. De Wet, Minister van Mynwese, van Beplanning en van Gesondheid het gesê dat beplanning nie moontlik is sonder wetenskaplike kennis nie en dat navorsing ons kennis moet verdiep. Navorsingsprestasies lei ook ongetwyfeld tot die vermeerderde aansien van die nasie op internasionale vlak.

Die Minister het daarop gewys dat hidrouliese navorsing in Suid-Afrika nie iets nuuts is nie, want die tien wetenskaplikes en hulle assistente is al tien jaar met hierdie soort navorsing besig.

'n Land met so 'n lang kuslyn soos Suid-Afrika *moet* aandag wy aan sy kuslyn, hawens en skeepsbounywerheid. Die bestudering van die see kan ook help in die soektog na petroleum op die Agulhasbank.

DIE NAVORSINGSEENHEID

Basies bestaan die navorsingseenheid uit 'n geweldige groot saal – so groot dat twee rugbyvelde daarin kan aangelê word. Daar is selfs opgaartenks om die paar miljoen gelling water wat jaarliks op die reusedak sal val, op te gaar vir gebruik.

Die Navorsingseenheid



Radiobeheerde modelbootjies word op die „see" gebruik om te bepaal of 'n voorgestelde breekwater wat die golwe doeltreffend breek, ook die hantering van skepe sal vergemaklik al dan nie. Verskillende vaartroetes kan so beproef word.

Mnr. J. A. Zwamborn staan aan die hoof van die Navorsingseenheid.

Onder die oorsese gaste was prof. H. J. Schoemaker, Direkteur van die Hidrouliese Laboratorium te Delft, Nederland; prof. S. Nagai, professor in hidroulika, Osaka, Japan en prof. J. W. Johnson, professor in Hidrouliese Ingenieurswese van die Universiteit van Kalifornië

Onderwyl prof. H. B. Thom sy waardering uitgespreek het teenoor die Minister en die W.N.N.R. vir die addisionele moontlikhede vir studente in Ingenieurswese het 'n dreunende bui reën neergestort – 'n kosbare simboliese seëning.

Stukke Suid-Afrikaanse strand van tot 15 myl lank, kan in die betonpanne nageboots word met sowat 7½ myl uitgestrekte oseaan daarvoor op 'n betonbodem wat topografies so noukeurig as moontlik met die bodem van die werklike oseaan voor die kusgebied ooreenstem.

Daar is ook 'n 600 voet lange windgolftonnel. 'n Hele reeks golfmasjiene kan só ingestel word dat hulle enige golftoestand wat in die natuur voorkom, kan naboots en 'n battery waaiers kan alle windtoestande namaak.

Op die uitgestrekte betonvloer kan die ingenieurs volgens gegewens aan die natuur self ontleen, afgeskaalde modelle van strande, hawens, riviere, damme en brûe aanbring. Nadat die navorsingstaak afgehandel is, kan die model afgebreek word.

Mnr. J. A. Zwamborn

Dekane vir 1970

Die volgende professore is vir 1970 as dekane vir die onderskeie fakulteite van die Universiteit verkies :

Lettere en Wysbegeerte	Prof. F. C. Fensham
Natuurwetenskappe	Prof. W. L. Mouton
Opvoedkunde	Prof. P. S. du Toit
Landbou	Prof. C. R. Liebenberg
Regsgeleerdheid	Prof. J. C. de Wet
Teologie	Prof. J. J. Müller
Handel en Administrasie	Prof. D. E. W. Schumann
Ingenieurswese	Prof. J. F. Kemp
Geneeskunde	Prof. F. D. du T. van Zijl
Bosbou	Prof. G. L. F. Hartwig
Krygskunde	Prof. (Kol.) P. J. G. de Vos
Tandheelkunde	Prof. J. F. v. d. S. de Villiers

Wiskunde-Seminare tydens die Eeufeesjaar

WISKUNDE-SEMINARE

Die Departement van Wiskunde het in die eeufeesjaar 'n reeks seminare aangebied waarin personeellede en gaste van Duitsland as sprekers opgetree het. Die voordragte wat ten dele aktiwiteite van ons eie wiskundedepartement en ten dele die werkgebiede van die gaste weerspieël het, is nou onder die titel „Wiskunde-Seminare" uitgegee. Dr. G. F. C. de Bruyn het as eerste spreker oor sy werk op die gebied van topologiese vektorruimtes gepraat. Die tweede onderwerp was op die grondbeginsels van die meetkunde toegespits. Na 'n algemene inleiding oor die teorie van projektiewe vlakke deur dr. K.-R. Kannenberg het prof. E. Sperner van die Universiteit Hamburg sy nuwe resultate wat tot affine ruimtes sonder Desargues-eienskap gelei het, voorgedra. As vierde spreker het mnr. T. P. Dreyer verskeie lesings oor dissipatiewe operatore gehou, en in die laaste bydrae het prof. K. W. Bauer van die Universiteit Bonn sy resultate oor differensiaalvergelykings met twee onafhanklike komplekse veranderlikes toegelig.

PROF. BAUER

Prof. Bauer was met vakansie in Suid-Afrika en het deur die hele land getoer. Hy het ook lesings gehou by die Universiteit van Kaapstad en voor die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging. Verlede jaar het hy 'n leerstoel (1. Mathematische Lehrkanzel) aan die Technische Hochschule Graz in Oostenryk aanvaar.

PROF. SPERNER

Dit was vir ons 'n besondere eer dat ook prof. Sperner, destydse Prorektor van die Universiteit Hamburg, tot ons Wiskunde-Seminare bygedra het. Prof. Sperner het bekendheid verwerf toe hy in 1928 'n nuwe, eenvoudige benadering van klassieke resultate uit die topologie gevind het. Sy werkgebiede is die topologie, die algebra en die meetkunde. Benewens talle publikasies oor spesiale probleme het in 1931-'35 die bekende monografieë „Einführung in die analytische Geometrie und Algebra", waarin die koördinaatmeetkunde uit die begrippe van die moderne algebra ontwikkel is en wat ook in Engels en Chinees vertaal is, uit sy pen verskyn. Prof. Sperner het as gasprofessor in die V.S.A., in China en in Suid-Afrika opgetree.

Hy was al twee maal by ons op Stellenbosch. In 1963 het hy saam met ander Duitse professore as gas van dr. A. E. Rupert hier vertoef. Tydens hierdie besoek het hy ook in die Departement van Wiskunde van die Universiteit van Kaapstad 'n lesing gehou. In 1966 toe prof. Sperner 'n uitnodiging van die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar het, is hy deur die Universiteit van Stellenbosch as eeufeesgas genooi. Behalwe sy voordragte in ons wiskunde-seminare het hy ook 'n openbare lesing oor die Moderne Denke in die Wiskunde gehou. Ons hoop dat hy vanjaar weer na Suid-Afrika sal kom.

K.-R. Kannenberg, Dr. Rer. Nat.

Akademiese jaar 1970

Eerste kwartaal : 23 Februarie – 26 Maart.
Tweede kwartaal : 7 April – 19 Junie.
Derde kwartaal 20 Julie – 25 September.
Vierde kwartaal : 5 Oktober – 11 Desember.

Bevorderings en Aanstellings

TWEEDE PROFESSOR IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

Dr. B. F. Thiart, senior lektor in Fisiologie, is met ingang 1970 aangestel as professor in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Dr. Thiart sal 'n tweede professoraat, saam met prof. D. H. Craven, aan die departement beklee.

Dr. Thiart het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer, en het die grade B.Ed.Ph., B.Sc., M.Sc en D.Sc., verwerf. Vanaf 1952 tot 1957 het hy onderwys gegee aan die Hoërskool Hottentots-Holland en hy is vanaf 1957 aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde as dosent in Fisiologie. Op grond van sy navorsing oor silikose het hy in 1966 'n doktorsgraad in Fisiologie verwerf.

Dr. Thiart is o.a. 'n fakulteitslid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en Voorsitter van die S.A. Universiteite Manshokkie-unie.

Hy is getroud en het drie kinders.

Dr. B. F. Thiart

Dr. P. R. Botha, lektor in Afrikaans-Nederlands is bevorder tot senior lektor in Algemene Taalwetenskap.

Mnr. F. d. V. Hugo, lektor in Siviele Ingenieurswese is bevorder tot senior lektor.

Mnr. W. J. Tijmens, kurator van die Botaniese Tuin, is bevorder tot senior kurator.

Mnr. N. C. Broekman, junior lektor in Sielkunde is bevorder tot lektor in Sielkunde.

Mnr. A. P. Mouton, junior administratiewe beampte, is bevorder tot administratiewe beampte.

Aanstellings

Prof. C. G. W. Schumann, oud-professor in Bedryfsekonomie, is vir 1969 aangestel as waarnemende direkteur van die Sentrum vir Vervoernavorsing.

Dr. L. M. Muntingh, senior lektor in Semitiese Tale, is aangestel as senior lektor in Bybelkunde en eerste voltydse hoof van die departement. Die werk verbonde aan hierdie departement is vroeër deur 'n aantal dosente op 'n deeltydse basis behartig.

Mnr. R. Reinecke, B.Sc., B.Ing., M.B.A., is aangestel as senior lektor in Bedryfsingenieurswese.

Mnr. P. C. F. Swiegers, is aangestel as Inkoper en Hoof van die afdeling Voorrade. Mnr. Swiegers is aangestel in die plek van wyle mnr. Wouter Hugo.

Mnr. P. S. de Jongh, M.A., is aangestel as lektor in Geskiedenis.

Mnr. F. Dalberg is aangestel as lektor in Sang aan die Konservatorium vir Musiek.

Dr. T. C. Smit, senior lektor in Opvoedkunde, is aangestel as inwonende hoof van die manskoshuise Huis Visser en Huis Marais.

Prof. C. Hanekom is aangestel as besoekende professor van die dameskoshuis, Heemstede.

Mnr. I. J. Lambrechts, Hons.-B.Comm., is aangestel as lektor in Bedryfsekonomie.

Wynkundige Navorsing aan U.S. - Skenking van R200,000

Die navorsingsprogram wat voortvloei uit die skenking van R200,000 deur die Kaapse Wyn- en Spiritualieë-instituut aan die Universiteit van Stellenbosch, is reeds goed onderweg. Die skenking is betaalbaar in tien gelyke jaarlikse paaimente.

Die Universiteit het reeds 'n advieskomitee vir Wynkundige navorsing aangewys. Hierdie komitee bestaan uit : Proff. M. J. de Vries, C. J. Orffer, C. J. van Wyk, mnre. J. van R. Maartens, R. R. Melck en P. Flockeman.

Die advieskomitee wat die navorsing sal beplan en koördineer, het reeds besluit op 'n program oor wyngeurstowwe. Dit behels die identifisering, kwantitatiewe bepaling en die evaluering van geurstofkomponente in wyne.

Mnr. O. P. H. Augustyn, M.Sc., is aangestel as hooftegniese beampte in die departement Chemie. Hy sal behulpsaam wees met die navorsingsprogram wat met behulp van die skenking gefinansier word.

In 1970 sal prof. A. D. Webb hoogleraar in Enologie aan die Davis College, Universiteit van Kalifornië, vir 'n tydperk van vier maande na Stellenbosch kom om deel te neem aan die navorsingsprogram.

Op die foto wat by geleentheid van die aankondiging van hierdie program geneem is, verskyn van l. na r.: Mnr. J. van R. Maartens, direkteur van die Kaapse Wyn- en Spiritualieë-Instituut; prof. H. B. Thom, rektor van die Universiteit van Stellenbosch; mnr. D. W. R. Hertzog, lid van die Uitvoerende Komitee van die Instituut en prof. M. J. de Vries, voorsitter van die Advieskomitee wat die Universiteitsraad sal adviseer in verband met die aanwending van die skenking.



Sanlam Skenk Waardevolle Opleidingsapparaat

Sanlam het geruime tyd gelede elektroniese rekenaartoerusting aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Hierdie apparaat is in die Departement van Elektrotegniese Ingenieurswese geïnstalleer.

Die elektroniese rekenaartoerusting soos deur Sanlam aan die Universiteit geskenk vir gebruik deur die Departement van Elektrotegniese Ingenieurswese, verteenwoordig 'n oorspronklike kapitaaluitgawe van sowat R500,000. Die toerusting bestaan uit twee volledige rekenaars met hulle hulptoerusting.

Alhoewel hierdie rekenaar onekonomies en verouderd geraak het vir gebruik volgens die oorspronklike doel, kan dit tans nog 'n uiters belangrike en nuttige doel dien vir die opleiding van elektrotegniese Ingenieurstudente. Dit is die teken van ons tyd dat hierdie stelsel wat sowat 10 jaar gelede die mees moderne en weliswaar die eerste syferrekenaarstelsel in ons land was, nou reeds ekonomies onbruikbaar geraak het. Nogtans is die beginsels waarvolgens dit werk en die basiese oorwegings by die gebruik daarvan vandag steeds van toepassing, sodat dit vir die doel van opleiding van ingenieurstudente besondere nut sal hê.

Bo en behalwe vir die opleiding van studente in die

Mnr. G. de Wet, senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese by 'n deel van die elektroniese rekenaar wat Sanlam op 14 Mei 1969 aan U.S. oorhandig het.



rekenaartegniek as sulks, word dit in die vooruitsig gestel dat die rekenaar ook besonder nuttig gebruik sal kan word deur personeel en nagraadse studente vir die studie van prosesbeheer – 'n veld wat tans van besondere belang is in die outomatisasie van baie nywerheidsvertakkings.

Besigheidsbestuur en -Administrasie

Met die amptelike aanvang van die voltydse en deeltydse nagraadse kursusse in Besigheidsbestuur en -administrasie op 27 Maart 1969 in die Buitemuurse gebou van die Fakulteit van Handel en Administrasie in Bellville het mnr. C. J. F. Human (Besturende Direkteur van F.V.B.) 'n inspirerende openingsrede wat tot heelwat nadenke gelei het, gelewer.

Jaarlikse SATS-Skenking

Dr. D. van Zyl, ontwikkelingsbestuurder van S.A. Trust Seleksies en die Nasionale Groeifonds, het op 11 Maart 1969 'n tjek aan die Rektor, prof. H. B. Thom, oorhandig ten gunste van die Eeufeestrustfonds van die Universiteit. Hierdie bydrae is 'n eerste paaiement van 'n permanente jaarlikse skenking.



Tydens voorgemelde plegtigheid het mnr. J. F. Rauch (regs), bestuurder van Openbare Betrekkinge van die Ou Mutual, 'n beurs van R500 vir een jaar voltydse M.B.A.-studie aan mnr. R. R. J. van Rensburg oorhandig. (Foto bo)

The David Shankman Bursary Fund

Mr. David Shankman, only child of Mrs. Nina Shankman of Bulawayo, Rhodesia, was killed by a car while he was walking across a street in Stellenbosch on the evening of the 8th May, 1969.

After the accident Mrs. Shankman almost immediately established *The David Shankman Bursary Fund for the Stellenbosch University* in loving memory of her son. A Wreath Fund was opened by the *Bulawayo Chronicle,* and in addition to this fund, Mrs. Shankman made another gift of £2,000 (Rhodesian). The proceeds of this fund will be issued as bursaries to needy students.

In a letter to the Rector of the University of Stellenbosch Mrs. Shankman wrote: "It will give me much happiness in the future to do what I can for your University as David was very happy and proud to have been accepted as a student."

David was a student in his first year and had only been at Stellenbosch for a period of three weeks.

Die Geneeskunde Projek

Die reusagtige projek wat gesamentlik deur die Provinsiale Administrasie van Kaapland en die Universiteit van Stellenbosch aangepak is, het reeds ver gevorder op die pad na voltooiing. Die lugfoto op die teenoorgestelde bladsy gee 'n beeld van ongeveer die helfte van die skema.

Links agter is die koshuise vir nie-blanke leerling-verpleegsters en onmiddellik daaragter is die kollege vir dié verpleegsters.

Die groot hoofblok in die middel agter bevat die laboratoriums, die afdelings vir buitepasiënte en ongevalle. Agter die hoofblok lê die uitgestrekte washuise en werkswinkel.

Voor die hoofblok verrys die teaterblok.

Voor die teaterblok kan die fondamente van die blok met siekesale gesien word. Dit sal die huidige gebou heeltemal oorskadu!

Op die grond waar die smal streep bome groei, kom die Administrasieblok en op die strook grond met die breër strook bome, die gebou vir Tandheelkunde.

Prof. Francie van Zijl

Dr. R. L. M. Kotzé

In die regterhoek verskyn 'n deel van die koshuise en kollege vir blanke verpleegsters.

Regs op die voorgrond staan die koshuis vir studente in Geneeskunde, Huis Francie van Zijl. Agter die koshuis is die sentrale kombuis wat ook die ander twee koshuise wat nog moet gebou word, sal bedien. Die twee koshuise kom links en regs van Huis Francie van Zijl.

Die Onderrigblok word links van die opslaangeboue van die kontrakteurs op die kaal gelyk stuk grond opgerig en voor die Onderrigblok kom die administratiewe kantore.

Die tennisbane sal nog tot ses vermeerder word en voor die bestaande koshuis tot teen die spoorlyn, wat nie op die foto te sien is nie, word nog minstens twee rugbyvelde, 'n krieketblad, 'n hokkieveld en netbalvelde aangelê. 'n Kleinerige swembad sal ook gebou word.

Prof. F. D. du Toit van Zijl is die dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde en die voorsitter van die komitee wat die hospitaal ontwerp het.

Dr. R. L. M. Kotzé is die mediese superintendent van die Opleidingshospitaal. (Sien ook *Matieland* van April 1969, bl. 32).

Die Fakulteit van Tandheelkunde

Die Fakulteitsraad van Tandheelkunde het onlangs sy eerste vergadering gehou en daarmee nog 'n ideaal verwesenlik. Dit is die twaalfde fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

Die Fakulteitsraad van Tandheelkunde
L.n.r.: Mnr. G. Cloete (Sekr.), proff. J. J. W. van Zyl, C. A. du Toit, mnr. A. J. Lubbe (Adj.-Registrateur), proff. J. F. van de S. de Villiers (Dekaan), J. F. van E. Kirsten, F. D. du T. van Zijl, drr. D. Bester en P. S. van Heerden.

Die fakulteite, in volgorde van ouderdom, is :

Lettere en Wysbegeerte
Natuurwetenskappe
Opvoedkunde
Landbou
Regsgeleerdheid
Teologie
Handel en Administrasie
Ingenieurswese
Geneeskunde
Bosbou
Krygskunde
Tandheelkunde

In 1971 sal met die kursus begin word en in 1973 sal die eerste studente hulle studie aan die skool vir Tandheelkunde te Tiervlei voortsit.

Uitgetree

MNR. A. J. LUBBE

Die voormalige Adjunk-Registrateur, mnr. A. J. Lubbe, (B. Comm., *Cum Laude,* 1940) het sy betrekking op 30 April 1969 neergelê en 'n nuwe betrekking aanvaar by Sanlam. Mnr. Lubbe was sedert 1941 in die administratiewe diens van die Universiteit. Hy het veral van die kursusse en die eksamenvereistes deeglike kennis gehad.

Mnr. Lubbe verskyn ook op die meegaande foto van die Fakulteitsraad van Tandheelkunde.

Nuwe Gebou vir Opvoedkunde

Die jongste akademiese gebou van die Universiteit verrys tans op die hoek van Crozier- en Van Ryneveldstraat. Die gebou van vyf verdiepings sal 20 lesingsale, laboratoria, musiekkamers, kantore vir dosente, asook 'n klaskamer met waarnemingskamers wat aan weerskante deur eenrigtingglaspanele afgeskort word en wat vir demonstrasielesse gebruik sal word, bevat.

Die gebou sal huisvesting verskaf aan die Fakulteit van Opvoedkunde en aan die Departemente van Streekbeplanning, Afrika-Studie, Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Biblioteekkunde en Fisioterapie.

Daar word beoog om die een helfte van die gebou reeds teen Junie 1970 in gebruik te neem.

Dosent in Produksiebestuur

Prof. F. van Winckel, hoogleraar aan die Instituut vir Toegepaste Ekonomiese Wetenskappe in Leuven, het na Suid-Afrika gekom vir 'n verblyf van vyf weke. Hy sal in dié tyd aan die M.B.A.-studente van U.S. in Bellville voorlesings in Produksiebestuur gee.

Prof. Van Winckel is opgelei as myn- en chemiese ingenieur en is ook gekwalifiseer in die Handelswetenskappe. Hy was by verskeie myne en nywerheids-

Die nuwe gebou vir Opvoedkunde en ander Departemente soos dit na voltooiing sal lyk.



Prof. F. van Winckel

ondernemings in Nederland werksaam, voordat hy in 1959 as dosent en in 1963 as hoogleraar aan die Universiteit van Leuven aangestel is.

Prof. C. G. W. Schumann na CIRET-Kongres

Op 17–19 September vanjaar vind die tweejaarlikse Internasionale CIRET-Kongres te Madrid plaas. Dit handel oor ekonomiese vooruitskattingsmetodiek. Die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van U.S. was die sesde buro in die wêreld wat die opinie-opname metode gebruik. Vandag is daar 44 lande wat daarvan gebruik maak, en by die Madrileense Kongres word juis hierdie metodiek bespreek.

Prof. C. G. W. Schumann, dr. G. Hupkes (oud-Hoofnavorser van die Buro) en *mnr. P. E. Kotzé* (Waarnemende Hoof van die Buro) sal teenwoordig wees. Prof Schumann sal die eerste helfte van die eerste dag as voorsitter optree.

Mev. Winnie Schumann sal 'n Bestuurskonferensie van die Internasionale Vroue Landbouvereniging te Londen bywoon.

Kursusse

KURSUS IN VUURPYLINGENIEURSWESE

Die Universiteit van Stellenbosch het sy goedkeuring geheg aan die instelling van 'n nagraadse kursus in Vuurpylingenieurswese. Aan studente wat hierdie kursus suksesvol voltooi, sal die graad M.Ing. (rigting Vuurpylingenieurswese) sowel as 'n Diploma in Gevorderde Ingenieurswese toegeken word.

Die Hortus Botanicus Kweek Seldsame blom

Die seldsame waterlelie, *Victoria Amazonica*, wat op die nag van 23 Desember 1968 oopgegaan het en wit van kleur was, het op die daaropvolgende nag weer oopgegaan en was dieprooi van kleur. Voor sonsopgang het dit onder die water verdwyn. Die blare van die blom word tot 6 voet in deursnee.

Die blom is deur die Kurator van die Botaniese Tuin van U.S., mnr. W. Tijmens, gekweek.

Victoria Amazonica



Besoekers

Geneeshere kom vir opknappingskursus

Die Universiteit van Stellenbosch het in 1967 'n Komitee vir Indiens-opleiding in die lewe geroep vir groepe persone wat reeds in vaste betrekkings staan.

Mnr. Ivor Potgieter is met die taak belas om hierdie kursusse te organiseer.

Daar het reeds kursusse vir onderwysers plaasgevind en nog meer word beoog. Ook die Fakulteit van Geneeskunde het van hierdie geleentheid gebruik gemaak. In Januarie vanjaar het twintig praktiserende geneeshere 'n opknappingskursus in Radiologie bygewoon. Die sukses van hierdie eendaagse kursus is telkens deur die kursusgangers bevestig.

Die tweede opknappingskursus, in Kardio-pulmonêre Noodtoestande, is op 10 en 11 April 1969 aangebied deur die Departement van Interne Geneeskunde. Dr. M. A. de Kock, eerste assistent en voltydse lektor, asook hoof van die Longeenheid, het die kursus gelei. Die lesings word gelewer deur spesialiste verbonde aan die Fakulteit van Geneeskunde.

STUDERENDE GENEESHERE

Agter v.l.n.r.: Drr. W. D. J. Viljoen (Pretoria), L. van Reenen (Kaapstad), M. P. Thompson (Stutterheim), T. L. Conradie (Calvinia), C. T. Morkel (Strand), F. C. R. Smit (Somerset-Wes), P. G. Steyn (George), J. A. Wessels (Cradock).
Middel v.l.n.r.: Drr. J. A. du Toit (Kimberley), H. G. H. Houghton (Durban), M. van Rensburg (Worcester), D. J. de Villiers (Bellville), A. Mentz (Stellenbosch), A. A. Smit (Parow), M. Swan (Kimberley), A. Shein (Kimberley).
Voor l.n.r.: Drr. M. A. de Kock (leier van die kursus), B. du Plessis (Robertson), Jack Bank (Kaapstad), J. C. Thom (Koringpunt, N.-Tvl.), B. Lombard (Barkly-Oos), A. C. van Wyk (Wellington).

Op die foto staan v.l.n.r. dr. C. H. van Niekerk van die Departement van Dierefisiologie, prof. C. L. Wicht van die Fakulteit van Bosbou, prof. B. C. Jansen van Pretoria en prof. C. R. Liebenberg van die Fakulteit van Landbou.

Veeartsenykundige Opleiding

Prof. B. C. Jansen, Dekaan van die Departement van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria, het op 5 Junie op uitnodiging van die Universiteit van Stellenbosch 'n openbare voorlesing in die Eikestad gelewer.

Oud-Maties

Bevorderings

Die volgende oud-Maties is aangestel in of bevorder tot belangrike poste van die Nasionale Pers.

Adv. D. P. de Villiers, S.C., voorheen praktiserende advokaat van Wêreldhof-faam en direkteur van die Nasionale Pers, is benoem tot besturende direkteur in die plek van wyle mnr. Hubert Coetzee.

Mnr. W. W. B. Havemann, L.V., wat 'n alternatiewe direkteur was, vul die plek van adv. De Villiers as direkteur.

Mnr. H. F. Conradie, hoofrekenmeester, volg wyle mnr. J. P. Swanepoel op as sekretaris.

Mnr. H. G. Jaekel, hoofbestuurder van die Nasionale Boekhandel, het besturende direkteur van die Nasionale Boekhandel-groep, wat ook Nasou en Tafelberg-Uitgewers omvat, geword.

Mnr. Ben Olivier, bestuurder van Nasou, het hoofbestuurder van die maatskappy geword.

Mnr. J. D. Pretorius, bestuurder van Tafelberg-Uitgewers, is bevorder tot hoofbestuurder.

DR. G. J. J. SMIT

Dr. G. J. J. Smit, Direkteur van Onderwys van Kaapland, tree op 31 Augustus 1969 uit. Hy het die graad M.A. met die hoogste onderskeiding aan Universiteit Kaapstad behaal, maar sy doktorsgraad op Stellenbosch waar hy later, van 1962 tot 1964, professor in Opvoedkunde was. In Oktober 1964 het hy Superintendent-generaal van Onderwys geword – die laaste onderwyshoof wat as S.G.O. bekend was. Verskeie baie belangrike ontwikkelinge het in sy ampstyd in primêre en sekondêre onderwys plaasgevind.

PROF. G. CRONJÉ

'n Huldigingsbundel, *Mens en Gemeenskap,* is ter ere van prof. dr. G. Cronjé aangebied onder redaksie van prof. J. E. Pieterse (Voorsitter) en verskeie ander geleerdes van die Universiteit van Pretoria, by geleentheid van sy uittrede as hoogleraar in die Sosiologie en Toegepaste Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Cronjé het nou toegetree tot die hoofskap van die nuwe departement Dramatologie wat in 1964 gestig is.

Prof. Cronjé is op 30 Desember 1907 in die distrik Barrydale gebore. In 1928 het hy die B.A.- en in 1929 die M.A.-graad in Grieks (albei met lof) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal oor *Die Dramatiese Tegniek van Euripides.*

PROF. J. D. J. HOFMEYR
(M.SC. AGRIC. STELL. 1927)

Prof. Hofmeyr was van 1943 tot 1968 Hoof en Professor van die Dept. Genetika aan die Universiteit van Pretoria. Hy het nou met pensioen afgetree, maar sit sy genetiese navorsingswerk met subtropiese plante voort op sy plaas naby Louis Trichardt.

Prof. J. D. J. Hofmeyr

Prof. Hofmeyr het 'n indrukwekkende getal wetenskaplike werke gelewer en het wye internasionale bekendheid verwerf. Ook in S.A. is sy werk erken deur die Akademie as ontvanger van die Havenga-prys in Biologie.

MNR. G. J. SMIT (M.A. STELL.)

Mnr. Gert Smit wat tien jaar lank rektor van die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch was, het aan die einde van Junie 1969 met pensioen uit die diens van die Provinsiale Administrasie getree. Mnr. en mev. Smit verkeer nog in goeie gesondheid en sal die rustyd wat voor lê op Jeffreysbaai, waar hulle hul metterwoon gaan vestig, (D.V.) nog lank kan geniet. Mnr. en mev. Smit kan met dankbaarheid terug kyk op 'n uiters geseënde loopbaan in die diens van Kerk en Volk.

Mnr. Dawie de Villiers van die hoërskool P. J. Olivier, Grahamstad, volg mnr. Smit op.

Stellenbosch verower 50% van B.Assoc.-Medaljes

DE VILLIERS LAMPRECHT EN SY LEERMEESTERS

Op 30 Junie vanjaar is die British Association-Medalje vir wetenskaplike navorsing aan mnr. De Villiers Lamprecht, die bekende mylatleet, by die Jaarkongres van die Vereniging op Pietermaritzburg toegeken vir sy M.Sc.-verhandeling wat hy in Julie 1968 op Lourenço Marques voorgedra het onder die titel *Experimental studies on the otic and metotic region of the skull in Gallus domesticus and Anas boschas.*

Dr. M. J. Toerien het as leier opgetree vir mnr. Lamprecht se verhandeling en het op sy beurt ook die medalje (1949) vir sy M.Sc.-verhandeling ontvang.

Dr. M. E. Malan was weer die leidster vir dr. Toerien, en sy het ook op haar beurt die medalje verwerf. Ongeveer 50% (of dalk meer) van alle B.Assoc.-Medaljes wat tot dusver toegeken is, het aan studente van die plaaslike Departement van Dierkunde gegaan.

MNR. J. L. ROTHMAN (B.SC. ING. 1948)

Mnr. J. L. Rothman is sedert Januarie 1969 aangewys as Bestuurder van die Oranjerivier Onderneming van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie. Sy hoofkwartier is op Colesberg.

Studentebedrywighede

Meegevoel

Mnr. Gerhard Schultz (19 jaar, B.Sc. I) is op 3 Mei 1969 gedood deurdat 'n motor sy fiets van agter getref het. Die ongeluk het sowat een en 'n halwe myl van Stellenbosch, op die Klapmutspad, gebeur. Mnr. Schultz was 'n belowende fietsryer wat na 'n oefenrit op pad terug was na sy koshuis Helderberg.

Die Universiteit betuig innige meegevoel met mnr. en mev. H. Schultz van Oos-Londen, die oorledene se ouers. Prof. J. W. R. de Villiers, die inwonende hoof, en mnr. Chuck Hoogendyk, die primarius van Helderberg, is deur die Universiteit na Oos-Londen vir die begrafnis gestuur.

Dagbreek-argief

Die argief van Dagbreek het reeds tot iets besonders gegroei en word met groot geesdrif verder uitgebou. Die bevat reeds 'n indrukwekkende versameling briewe, foto's en historiese artikels. Die Argiefkomitee nooi elke oud-Dagbreker, of belangstellende besoeker, om die versameling te kom besigtig.

Enige hulp, veral geldelike bydraes vir vertoonkaste is uiters nodig en welkom, en skenkings van ander aard word gretig ingewag. Indien enige oud-Dagbreker in besit is, of weet van enige notuleboeke uit die vroeë dae, skenk dit asseblief aan die argief.

Alle skenkings kan gestuur word aan mnr. E. Calitz, Dagbreek, Stellenbosch.

Die 1968-1969 atletiekseisoen

Wanneer daar oor die 1968/69-seisoen teruggekyk word, kan die atlete en ampsdraers van die Atletiekklub dit met tevredenheid doen omdat hulle ruim kon bydra tot die verdere uitbouing van die glorieryke tradisie van die Universiteit van Stellenbosch op die sportveld.

In hierdie oorsig van wat gedurende die pas afgelope seisoen bereik is, sal die klem steeds geplaas word op die prestasies van die klub en nie soseer op dié van die indiwidu nie.

S.A. UNIVERSITEITSKAMPIOENSKAPPE
(Dalrymplebeker en Roger Dyason-skild)

In Desember het die klub na 'n baie geslaagde toer, aan die Interuniversitêre kompetisie in Pretoria deelgeneem. Na afloop van die byeenkoms het die telbord soos volg gelees :

DALRYMPLE (MANS)

Stellenbosch	109½
Potchefstroom	67½
Pretoria	64½

ROGER DYASON (DAMES)

Stellenbosch	68
Pretoria	61½
Vrystaat	47

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het Stellenbosch skoonskip gemaak en die mans-, sowel as die damesafdelings gewen. Eers wanneer in gedagte gehou word dat die dames die kompetisie aangepak het sonder hul beste atleet, wat ongelukkig beseer was, kan hul prestasie werklik na waarde geskat word.

Die onderstaande tabel toon die plekke wat verower is.

	Stellenbosch	*Potchefstroom*	*Pretoria*
1ste	6	4	3
2de	5	4	3
3de	6	2	2

Van die atlete wat na die byeenkoms gekies is om die Suid-Afrikaanse Universiteite op 'n driehoekige



byeenkoms te verteenwoordig, is 15 van die 21 atlete van Stellenbosch, wat aan die Interuniversitêre kompetisie deelgeneem het, in die universiteitespan ingesluit. (Pretoria het 9 atlete in die span gehad en Potchefstroom 8.)

W.P. KAMPIOENSKAPPE:

By die 1969 W.P.-Kampioenskappe het die Stellenbosse atlete werklik op loop gesit en *16 van die 29 titels* ingepalm. Asof dit nie reeds genoeg was nie, het hulle ook nog *13 tweede plekke* en *4 derde plekke* verower. Hierdie gegewens gee 'n mens 'n indruk van die krag wat Stellenbosch op die oomblik op die atletiekbaan is. Na die byeenkoms is 12 Stellenbosse atlete ingesluit in die W.P.-span na die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

WENNERS VAN
DIE DALRYMPLEBEKER EN
DIE DYASON-SKILD

Voor l.n.r.: I. F. Potgieter (Afrigter), Marietha Wiid, Riëtte Neethling, Helena Visser (Kapteine), Tom Beckett (Kaptein), Corné Rossouw, Freddie Poggenpoel.

Tweede Ry: Theuns Wessels, Dickey Broberg, Belius Potgieter, Pieter Coetzee, Anita Bester, Andrew van der Watt.

Agter: Gernot Gessert, Danie Kritzinger, G. T. Ferreira, Frans Jacobs, Jan du Toit. Inlas: Louwtjie van der Merwe, Wilna Smuts, Erna Slabbert.

DR. CRAVEN EN RUGBYSPELERS

Dr. Danie Craven het blykbaar lus om self in te klim tydens 'n rugbyoefening voor Intervarsity op 10 Mei 1969.
Op die foto v.l.n.r.: Dr. Craven, mnre. Jan Coetzee, T. Hoffman, A. Bester, A. de Wet, P. le Roux.

S.A. JUNIOR KAMPIOENSKAPPE:

Vier atlete van Stellenbosch het aan die S.A. Junior Kampioenskappe deelgeneem en hulle het *3 eerste plekke, 2 tweede plekke* en *2 derde plekke* verower. Aan die einde van die byeenkoms is al vier die atlete genooi om aan die S.A. Spele in Bloemfontein deel te neem.

S.A. SENIOR KAMPIOENSKAPPE:

Behalwe die 12 Stellenbosse atlete wat deur die W.P. gekies is om aan die S.A. Senior Kampioenskappe deel te neem, het die klub nog 'n verdere 14 atlete indiwidueel ingeskryf. Die Stellenbosse atlete wat deelgeneem het, het getoon dat hulle die vertroue wat in hulle gestel is, waardig was deur *4 goue medaljes, 2 silwer medaljes* en *2 brons medaljes* na Stellenbosch te bring.

OP PROVINSIALE BASIS?

Dit is insiggewend om die vertonings van die Stellenbosse atlete te vergelyk met dié van *provinsiale* spanne. Indien die Universiteit van Stellenbosch toegelaat sou gewees het om aan die Interprovinsiale kompetisie om die Union Castle-beker deel te geneem het, sou hy met 47 punte *tweede* in die spankompetisie geeindig het. Dit is ook slegs Suid-Transvaal wat meer goue medaljes as Stellenbosch op die kampioenskappe kon inpalm.

Aan die einde van die Kampioenskappe is 13 van die Stellenbosse atlete gekies om aan die S.A. Spele in Bloemfontein deel te neem.

S.A. SPELE:

As in ag geneem word dat slegs die ses beste atlete in elke nommer in Suid-Afrika, deur die nasionale keurders uitgenooi is om aan die Spele deel te neem, word Stellenbosch se prestasie om 13 atlete by die Spele te hê, in perspektief geplaas. Behalwe die W.P. (wat Stellenbosch insluit) is dit slegs die provinsies Suid-Transvaal en Noord-Transvaal wat meer atlete as Stellenbosch by die Spele gehad het.

By die Spele het die Stellenbosse atlete hul goeie vorm gehandhaaf. By die Junior byeenkoms het die Stellenbosse atlete 2 goue medaljes gewen, terwyl ons atlete wat aan die Senior byeenkoms deelgeneem het, 1 goue en 4 silwer medaljes verower het.

1969 SPRINGBOKKE:

Na afloop van die S.A. Spele van 1969 is daar 'n Springbokspan gekies wat moontlik later vanjaar 'n toer sal onderneem. Dickey Broberg het vir die tweede keer Springbok geword. Toe Freddie Poggenpoel, een van die twee nuwe manspringbokke, se naam aangekondig is, het hy die 20ste produk van die Universiteit van Stellenbosch geword om hierdie eer op die atletiekbaan te verwerf.

By dieselfde geleentheid is 'n Suid-Afrikaanse Junior Span aangekondig wat later vanjaar na Rhodesië gaan. In die span is twee Stellenbossers opgeneem, t.w. Danie Malan en Pauline Craven.

REKORDS:

Gedurende die 1968/69-seisoen het atlete van die Universiteit van Stellenbosch aan 27 verskillende nommers deelgeneem. In die proses het hulle verbeter op 3 Suid-Afrikaanse rekords, 4 W.P.-rekords, 2 S.A.U.-rekords en 20 Universiteitsrekords.

SAMEVATTING:

Die 1968/69-seisoen was vir die atletiekklub in alle opsigte 'n suksesvolle een. Die Klub het nog nooit gebloei soos tans nie.

VORENTOE?

Die aanduidings is reeds daar dat vanjaar se rekordseisoen volgende jaar oortref kan word, nieteenstaande sekere knelpunte wat hopelik binne afsienbare tyd opgelos kan word.



SPORTSTERRE ONDER EERSTEJAARS

L.n.r.: Mejj. Deidré Barnard (Springbok-waterskiër), Suzette Pretorius (junior atleet van Oos-Londen), Annalise Smith (junior atleet van Bloemfontein), Pauline Craven (Springbokatleet van Lyttleton).

Karnavaltonele op 8 Maart 1969



Sierwa van die Fakulteit van Geneeskunde.

Die Karnavalkoningin en haar twee prinsesse: V.l.n.r.: Prinses Angela Joubert, Koningin Estea Mellet en Prinses Sandra Steenkamp.

Oud-Maties ! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om verandering van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan: Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname:.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.:.....Nooiensvan:.....

Werkadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Woonadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:.....

.....

Huidige Betrekking:.....

My vorige adres was:.....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.):.....

.....

.....

.....

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*.

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.):.....

.....

Bydrae: R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds*. Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)

wat Goudvelde die talentvolle gegradueerde aanbied

Geleentheid Ontwikkeling Erkenning

Goudvelde is 'n Suider-Afrikaanse groep maatskappye in die bestuurswese, mynwese, finansies en die nywerheid, met wêreldwye skakeling.

Gegradueerdes in uiteenlopende rigtings word benodig: Myn-, Meganiese, Siviele, Elektriese en Chemiese ingenieurswese; Geologie; Metallurgie; Geneeskunde; Regte; Handel; Wetenskap; Wiskunde; Administrasie.

Die Groep bied jong gegradueerdes wat streef na erkenning vir hul werk uitmuntende geleenthede vir persoonlike ontwikkeling en vooruitgang.

Gegradueerdes en studente wat binnekort gradueer, word genooi om met die Personeelbeampte in aanraking te kom om 'n onderhoud te reël.

GOUDVELDE VAN SUID-AFRIKA BEPERK

POSBUS 1167, JOHANNESBURG. TEL. 838-8381

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

O.K.B. BPK.
LION
LAGER
SAB

Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur

VZ 602706/1A

Spaarkrag maak mag by Volkskas

— die bank wat Suid-Afrika eerste stel.

VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

50 JUBILEUM-SPAARDAM

vir alomvattende bankdienste

Hoofkantoor: Van der Waltstraat 229, Pretoria.
Posbus 578 • Telefoon: 29941 • Telegramadres: Bankdiens.

VZ00255

Die Stellenbossche Distriksbank Beperk

Stellenbosch en omgewing se eie Distriksbank

Die enigste in die Republiek

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te Kuilsrivier en Kraaifontein

Splinternuwe Studeerkamer-boeke*

Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek

onder redaksie van prof. W. J. de Kock

Hierdie belangrike naslaanwerk is die eerste in 'n reeks van ses. Die eerste deel bevat 568 biografieë van belangrike persone wat 'n bydrae tot Suid-Afrika se geskiedenis gelewer het en wat voor 1950 oorlede is.

„Die belangrikste bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuur in 'n baie lang tyd." – prof. H. B. Thom. 934 bladsye, R8.

Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner

onder redaksie van prof. P. de V. Pienaar

'n Heruitgawe in een band van 'n baie belangrike boek. Hierdie boek is 'n pragtige bron van inligting en voorligting vir almal wat vir die Afrikaner en sy verlede agting en liefde voel en met gesag daaroor wil praat. Ryklik geïllustreer. R8.

Uit die Volk Gebore

deur J. P. Scannell

Hierdie boek is uitgegee met die oog op die vyftigjarige bestaan van Sanlam. Elkeen wat belangstel in die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner en in die groei van Afrikaanse sakeondernemings sal dit met groot genot en belangstelling lees. R4.

* *Boeke wat 'n mens werklik gebruik.*

Uitgegee deur

Nasionale Boekhandel Beperk Parow

By alle boekhandelaars verkrygbaar.



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat reeds sowat driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, is tans besig met nog 'n grootskaalse uitbreidingsprogram, teen 'n koste van honderde miljoene rand.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria, asook verskeie mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n huiseienaarskema, 'n verlofbonus, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsfasiliteite en ander welsynsgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK
Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

WP MAKELAARS

Vir die beste in versekerings- en beleggingsadvies

Sanlamgebou 403, Pleinstraat

STELLENBOSCH

Telefoon 4847

Poste en Beurse vir Joernaliste

Die Volksblad, middagblad van Nasionale Pers in Bloemfontein, het weens uitbreiding redaksionele poste beskikbaar vir gegradueerdes met of sonder ondervinding, en vir belangstellendes wat einde 1969 die graad-eksamen aflê.

Die koerant bied ook beurse aan vir voornemende joernaliste, waarvoor kandidate wat aanstaande jaar universiteit toe gaan of wat nou in hul eerste of tweede jaar op universiteit is, nou aansoek kan doen. Die beurse is tot R400 per jaar vir drie jaar, vir voorgraadse studie.

Die beskikbare poste vir joernaliste bied uitstekende geleenthede ten opsigte van bevordering, salarisse en die talle ander diensvoordele wat 'n groot en sterk uitgewersmaatskappy bied.

Aansoeke of navrae moet gerig word aan:

Die Redakteur,
Die Volksblad,
Posbus 267,
BLOEMFONTEIN.

Telefoon: 73351.

SASOL

DIE PETRO-CHEMIESE FABRIEK MET DIE MEES OPWINDENDE LOOPBANE VIR GEGRADUEERDES.



Die nywerheidsreus met 'n vergesig op die toekoms. Die Kellogg-Sintese-aanleg met die drie 160 voet hoë Kellogg-reaktore.

Hierdie komplekse onderneming, die wêreld se enigste winsgewende petrol-uit-steenkoolaanleg, verskaf 'n uiters uiteenlopende reeks van loopbane aan mense met die potensiaal om te skep. Daar bestaan onder andere geleenthede in die ingenieurs- en wetenskaplike rigtings asook in die rekeningkundige, handels- en administratiewe afdelings. Beperkte poste in die volgende rigtings word ook aangebied: Landboukunde, Biblioteekwese, Personeelwerk, Regskennis, ens. Skryf aan die Bestuurder, Personeeldepartement, Posbus 1, Sasolburg, om nadere besonderhede oor wat ook vir u 'n interessante toekoms mag wees.

NEE, NEE, KOEKEMOER! MOENIE JOU STUDIES ONDERBREEK NIE!

Ek verseker jou jy moet vir *geen* oomblik aan geld dink nie. Dis bloot ondergeskik, ou kêrel. 'n Spaarrekening by die Standard sorg vir *alles*. Jy trek rente sonder om van jou boeke af op te kyk. En moenie dink hulle gaan jou skeef aankyk net omdat jou rekening klein is nie. Inteendeel—selfs *ek* was puik ontvang toe ek nog 'n lektor se salaris gekry het. En vandag? So tussen ons gesê, my spaargeldjies lyk danig aantreklik—veral met die oog op my aftrede volgende jaar. En weet jy, my vrou sal nie skroom om aan jou te sê dat ek dit nooit op my eie manier sou kon behartig het nie. Volg my voorbeeld, man. Bank jou geld by die Standard—en pak die belangrike dinge van die lewe met 'n geruste hart aan.

Op die Standard kan u staatmaak

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

Meer as 900 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.

Grant 214-297

As jy Bridget in Biarritz moes ontmoet . . . sou jy uitgeknip wees vir die rol in PRIMARIUS se Klassieke snit in Suiwer Nuutwol!

In 'n Primarius-pak is 'n man reg aangetrek vir enige geleentheid . . . enige nooi. Met die Internasionale Klassieke Snit vertoon jy oral op jou beste, voel jy oral op jou stukke. Primarius laat 'n man soos 'n man lyk, en daarby is hy stylreg en modereg. Met Primarius se Klassieke Snit maak u indruk in enige geselskap, enige plek ter wêreld. Deftige Primarius-pakke word gemaak van ‚Bryant-McCoy'-kamstof —Suiwer Nuutwol—en is te kry in die voorste modekleure . . . Liggrys—Mediumgrys—Houtskool —Blou op Swart—Ligte Olyfgroen—Diep Koperrooi—Donkerblou —Turkoois—Bronskleur. Waar en met wie u ook al gesien word, u is uitgeknip vir die geleentheid as u uitgevat is in Primarius. Pas een aan—en u sal sien.

SUIWER NUUTWOL

VZ008636

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

VRFA 165Q